Die Wapad

JAARGANG XX | WOENSDAG 5 MEI 1965 | NR. 5

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

DIE OU MUTUAL
bied u die
beste in
Lewensversekering
SAM 1265

S.R.-LEDE BINNEKORT DALK BYEEN

'n Inter-universitêre konferensie tussen Afrikaanse en Engelse universiteite sal moontlik op 31 Mei aan die P.U. gehou word.

Die inligting is verkry n 'n onderhoud met mnr. Fanie du Plessis, S.R.-voorsitter van die P.U., na aanleiding van sy samespreking met mnre. Eddie Webster, S.R.-voorsitter, Johan Maree en Ranier Lock van Rhodes, gedurende die besoek van Rhodes se rugbyspan op 21 April.

ALGEMEEN

Mnr. Du Plessis het gesê dat met die konferensie nie bedoel word om 'n omvattende studenteliggaam of iets dergliks daar te stel nie. Tydens die konferensie sal daar bloot gedagtes oor sake van algemene studentebelange gewissel word. Inlywing, sensuur van studentekoerante, akademiese vryheid en die toekoms van inter - studenteraadsverhoudingsen skakeling is onder die sake wat bespreek mag word.

Volgens mnr. Du Plessis spruit die konferensie voort uit 'n soortgelyke byeenkoms verlede jaar op Rhodes toe al die Afrikaanse universiteite daar verteenwoordig was. By die geleentheid is besluit om die konferensie vanjaar op Potchefstroom te hou.

In 'n onderhoud met mnr. Webster, voor sy vertrek na Rhodes, gesê dat hy baie gretig (very keen) is dat die konferensie, soos beplan, wel sal plaasvind.

REDENAARS KOMPETISIE

Die P.U.-Wolnitredenaarskompetisie vind vanjaar op Dinsdag 11 Mei plaas. Die onderwerpe vir die kompetisie verskyn op de kennisgewingborde by die kafeteria en by die administratiewegebou.

Volgens die sekretaresse, mej. Elsa Theron, moet deelnemers dié jaar ook 'n onvoorbereide toespraak van twee minute lewer. 'n Onderwerp sal vyf minute voor die tyd aan hulle gegee word. Die verandering in die gewone kompetisie is aangebring omdat daar tydens die A.S.B.-redenaarskompetisie ook 'n onvoorbereide toespraak van twee minute gelewer moet word.

Vooraanstaande Persone As Gaste Van P.U. Ontvang

DIE P.U. HET OP VRYDAG 3 APRIL 'n groep van die mees vooraanstaande Afrikaanse nywerheids- en sakeleiers as beskermhere van die ontwikkelingsprogram en -fonds van die Universiteit onthaal.

Voorloper van Konferensie?

Mnr. Tommie Muller, voorsitter van die P.U. se beskermhere, het in sy toespraak tydens die byeenkoms gesê dat die Potchefstroomse Universiteit voldoen aan die vereistes vir akademiese vrugbaarheid, en dat uitbreiding van die Universiteit se bestaande fasiliteite, en toevoeging van addisionele fasiliteite, 'n saak van nasionale belang is.

BEROEP

Prof. H. J. J. Bingle het tydens dieselfde geleentheid 'n beroep gedoen op die beskermhere om te help bou aan 'n „sieraad vir die nageslag". Hy het gesê die Universiteit het bewys dat hy sy verantwoordelikheid met eer dra.

„Volgens die groeitempo van die P.U. moet ons verwag dat die studentetal oor agt na tien jaar sal verdubbel", het hy gesê. Die universiteit het getoon wat hy met sy geringe middele in opleiding en navorsing kan doen en as die dringend benodigde voorsien word, sal hy nog groter diens kan lewer.

YWER

In die vorming van die student gaan dit om vier belangrike fasette vir sy universitêre loopbaan: die akademiese aspek, die verenigingslewe, die sportlewe en die koshuislewe. Van al vier die hoeke word die student beïnvloed en gevorm om groot ywer aan die dag te lê vir sy werk wat hy as 'n roeping moet sien volgens sy eie lewensbeginsel.

METODEMAKER

Hy word ook gelei tot die wysgerige grond van sy besondere studierigting sodat hy sin en betekenis daarin vind en dit deel van homself kan maak. Hy word geleer om met vryheid en verantwoordelikheid teenoor sy vak te staan en om dit wat aan hom geleer is nie slaafs na te volg nie, maar 'n selfstandige metodemaker te wees wat self kan soek na die diepste waarheid.

Sulke mense gee die P.U. aan die land wat 'n behoefte het aan 'n onbeperkte aantal van hulle. Tene'nde sulke mense te kan vorm en oplei, moet die Universiteit uitbrei, het prof. Bingle gesê.

Die gaste het besoek gebring aan verskeie departemente waar departementshoofde hulle toegespreek het .

Mnr. Fanie du Plessis gesels met mnre. Eddie Webster en Johan Maree tydens die besoek van die rugbyspan van Rhodes aan die P.U. Foto: Fotokuns

Studenteraad bly by standpunt oor inlywing

Die Studenteraad het op sy laaste vergadering besluit om die status quo te handhaaf ten opsigte van die verslag oor Inlywing.

Die verslag het onder meer ingehou dat die huidige vorm van Inlywing afgeskaf en iets anders in die plek daarvan ge kry moet word.

Daar sal binnekort 'n massavergadering gehou word om die saak te bespreek.

Meningsverskil oor die dra van kortbroeke

Uit onderhoude wat met verskeie dosente en studente gevoer is, blyk dit dat die dra van kortbroeke deur mansstudente gedurende klastye heelwat teenkanting sal ontvang.

„Ons leef in 'n beskaafde en Christelike omgewing", het prof. A. P. Goossens van die departement Plantkunde aan ons verslaggewer gesê. Hy het daarop gewys dat sommige mansstudente van die geleentheid gebruik sal maak om onbetaamlike broeke te dra. Mansstudente kan gedurende somermaande sonder baadjies klasse bywoon maar dan moet hulle beslis dasse dra.

VELSTYF

Mej. Adri Griffioen, hoofdame van die P.U., het gesê sy dink dit sou glad nie sleg lyk as mans kortbroeke dra nie maar mansstudente lyk nie te waffers in die „velstyfswembroekgrote" kortbroek wat deesdae so in die mode is nie.

Mnr. Hans van Zyl, ou bekende op die Puk, het gesê dat daar nie groot besware kan wees teen die dra van kortbroeke as die klimaatstoestande in aanmerking geneem word nie, tensy die dosente en dames daarteen beswaar maak. Die algemene gevoel behoort die deurslag te gee.

„'n Mens is definitief nie welvoeglik geklee as jy 'n kortbroek aan het nie. Enige persoon wat respek vir homself en vir sy meerdere en vir dames het, sal nie kortbroek klas toe dra nie," so het mnr. Nic Laubscher gesê.

Die rektor, prof. H. J. J. Bingle, was nie bereid om op hierdie stadium enige kommentaar te lewer nie.

Verskeie mansstudente wat genader is, het laat blyk dat hulle die dra van kortbroeke sal verwelkom aangesien dit baie gerieflik is om gedurende die warm somermaande in 'n kortbroek praktiese werk te doen.

● Hierdie saak is reeds gefinaliseer nadat die Studenteraad 'n aanbeveling aan die Rektor deurgestuur het dat mans gedurende somermaande langbroek, hemp en das moet dra. Departementshoofde kan egter na goeddunke mans toelaat om met kortbroek klas by te woon.

Dit gebeur beslis nie aldag nie — maar as die P.U. aan die uitbrei is, is enigiets moontlik. Verbaasde Pukke het Donderdag in hulle honderdtalle nadergestroom om die gevaarte uit die lug van nader te beskou.
Volgens komdt. Voordewind, dosent in Aardrykskunde en bevelvoerder van die P.U.-regiment, is fotos uit die agtsitplek Allouetteheljkopter geneem wat later gebruik gaan word vir 'n dr'e-dimensionele panorama van die Universiteitskampus.
Foto: Fotokuns

Pukkie moet na Rektor

Die Pukkie sal voortaan voor die finale druk na die Rektor verwys moet word, soos blyk uit korrespondensie aan die Studenteraad.

Voorsitter van Konvokasie

Prof. H. C. van Rooy, bibliotekaris en hoof van die departement Biblioteekkunde aan die P.U. is tot voorsitter van die konvokasie van die universiteit gekies. Hy volg wyle prof. D. J. van Rooy op.

KUNSGESELSIE

IS ONS darem nie geneig om deesdae te maklik 'n mening oor kunsvorms uit te spreek nie! Dit maak nie saak of daar enigsins iets steek in wat ons sê nie — gewoonlik het ons nog glad nie eens gedink oor die saak waaroor ons ons so heftig uitspreek nie.

VALSE TOETS

Dié fout, wat vandag so algemeen voorkom en tog selde deur iemand erken word, kan heel moontlik voortspruit uit 'n valse oorgeërfde „trots": ons weier om enigsins afstand te doen van die opinies van ons voorvaarders, en spreek dan liewer sommer net 'n verdoemende mening uit sonder om werklik te weet wat ons sê, as om te erken dat ons eintlik nie weet waaroor dit hier gaan nie. Is dit trots, of dalk koppigheid, dié weiering om onkunde te erken — al is dit nou aangaande 'n „saak wat nie kennis werd is nie?"

MODERNE MENS

Of is dit dalk 'n fout van die „moderne mens" — die grootste bedrogskepping van ons tyd? Dis geen kuns om by een van die sogenaamde kunstenaarsgroepe ingesluit te word en 'n nuttelose, valse sosiale aansien te geniet deur net voor te gee dat ons moderne kuns, hetsy letterkunde of iets anders, verstaan en volkome begryp — selfs heeltemal aangrypend vind nie. Maar waarom dan nie maar net beskeie erken dat ons dit nie verstaan nie, of nie wil verstaan nie?

GEBREK AAN BEGRIP

Eintlik is die publiek vir enige kunstenaar 'n byna onoorkombare struikelblok om een van hierdie twee redes: 'n oorbeklemtoning van die konvensionele wat gepaard gaan met 'n onverwylde verwerping van alles wat nuut of vreemd is, of die onvoorwaardelike aanvaarding van alles wat voorgehou word as kuns. Dit op sigself is nie die ergste nie, maar byna sonder uitsondering gaan beide hierdie verskynsels gepaard met 'n algemene begeerte om te begryp.

OORDREWE STANDPUNT

Dis moeilik vir enigiemand om te erken dat hy skuldig is aan een van hierdie twee dinge, maar dit is die grootste stremming van die ontwikkeling van ons kuns. Nie alleen die oordrewenheid van watter standpunt ookal ingeneem word nie, maar die botweg weiering om werklik te sien, te hoor, te bestudeer en veral te dink, maak dit vir enige kunstenaar onaangenaam, indien nie onmoontlik nie, om werklik sy beste te lewer en dan die kritiek daarop te aanvaar as leersaam. Aan albei kante word die publiek nou uitgebuit: aan die een kant word die verbeeldinglose en geykte kunsvorms afgewater en saam met 'n oormaat sentiment opgedis, en aan die ander kant word verfkwasse vir sjimpansees gegee om mee te skilder.

GOUE MIDDEWEG

Die grootste probleem is natuurlik hier, soos op enige ander gebied, dat die goue middeweg moeilik te vinde is. Presies waar hou kuns op om werklik te ontstaan uit intense belewing en ervaring; presies waar word die streep getrek wat skoonheid betref? Tot in hoeverre moet mens werklik probeer om dit wat onder die naam kuns aangebied word, te verstaan, en in watter mate moet ons weier om nuwe, soms skokkende en met die eerste oogopslag vulgêre, idees en temas aanvaar?

Net solank ons nog eerlik bly met onsself en nie menings probeer lug bloot om iets te kan sê nie, sal ons waarderings nie heeltemal afgestomp raak nie. En dis tog eintlik die belangrikste, waar dit kuns aangaan . . .

H. M.

Mr. Merryweather (Jan Groenewald) laat Mrs. Jordan (Ita Moolman) ongemaklik voel as gevolg van sy ontydige „herlewing" in „The Dear Departed", 'n eenbedryf wat tydens die Earstejaarskonsert opgevoer is. Foto: Fotokuns

BAIE TALENT ONDER DIE EERSTEJAARS

Die musiektalent wat op die Eerstejaarskonsert na vore gekom het, hou goeie vooruitsigte vir Alabama en Thalia in. Die konsert is op 1 April in die Totiussaal aangebied.

MUSIEKITEMS

Hoewel die konsert 'n gesamentlike poging van Thalia en Alabama was, was dit opvallend dat dit in 'n groot mate musiekitems was wat besondere byval by die gehoor gevind het. Veral die orkes het hom goed van sy taak gekwyt, so ook Heilna Venter en Janet Lessing met klaviersolo's en Pieter Rossouw van der Walt met 'n sangsolo.

TONEEL

Thalia se vooruitsigte is ook goed. Daarvoor het die toneelspelers wat in „The Dear Departed" gespeel het, gesorg.

Die groot opkoms het getuig van die massa se vertroue in die inisiatief en talent van die eerstejaars. N.C.C.

Moderne Kuns Pas Aan By Lewenshouding

DIE VERNUWING in die kuns moet nie sonder meer veroordeel word nie. Dit moet, in die gees van die tyd, gesien word as die soektog van die mens na iets om aan te pas by sy veranderende lewenhouding.

So het prof. P. D. van der Walt dosent in Afrikaans aan die P.U. op 'n vergadering van die Letterkundige Vereniging gesê.

Na-oorlogse skrywers kom in opstand teen die geykte letterkunde, en hierdie opstand hang saam met die filosofie van die absurde, wat weer in ooreenstemming is met die eksistensialisme.

Professor van der Walt het verder in sy lesing oor die Sestiger-Prosa gewys op die verskeie veranderinge wat in dié vernuwing gemerk word.

Die vormverandering is seker die mees opvallendste. Die Sestigers eksperimenteer graag met die tipografie — in Orgie van André P. Brink, tref ons onder andere 'n pikswart bladsy aan. Daar is geheel-en-al van mooiskrywery afgesien, en die taal is byna heeltemal afgestroop: een woord dui soms 'n hele sin aan.

MASSA

Die mens is nie meer 'n individualis nie. In die prosa van die Sestigers gaan dit om die mens in 'n bepaalde situasie, naamlik die mens as lid van 'n massa. Hy is as't ware 'n naamlose, gesiglose tipe — 'n Hy en n' Sy, soos in Orgie uitgebeeld.

Die prosa is nie meer realisties nie, maar fantasties. Mites word dikwels gebruik ,omdat dit groter trefkrag sowel as 'n groter omvang aan die verhaal gee. 'n Kennis van mites is bykans noodsaalik om die verhaal reg te kan begryp.

VERWêRELDS

Voorheen was skrywers ietwat bang om temas soos rasseverskille en seks aan te raak; die Sestigers maak vrylik van hierdie temas gebruik om die werklikheid uit te beeld. Die beeld in die verhaal is nou volkome verwêrelds — daar is geen vashouplek meer nie. God en Sy gebod het alle waarde verloor .

'n Goeie bundel Sestiger-kortverhale is Windroos, waarin onder andere verhale van Ettienne Leroux, André Brink Breytenbach en Ingrid Jonker opgeneem is. Baie van hierdie skrywers vind in die wêreldstad Parys 'n uitstekende agtergrond vir hul temas.

Prof. Van der Walt is van mening dat die rigting in die letterkunde nie lank sal voortbestaan nie.

PROF. P. D. VAN DER WALT

TONEELFEES IN 1966

Die Minister van Binnelandse Sake, sen. J. de Klerk, het aangekondig dat 'n toneelfees in Mei as deel van die viering van die vyfjarige bestaan van die Republiek van Suid-Afrika gehou sal word.

'n Literêre advieskomitee is benoem en die reëlings om dié geleentheid op waardige wyse te vier, is voltooi.

Die dramawedstryd, wat reeds deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap aangekondig is en wat op 31 Desember 1965 sluit, sal uitgebrei word om aan die vereistes van die Republiekviering te voldoen.

SAAK EN SAK

Die besluit van die Britse Equityvakbond om sy lede vry te laat om in SuidAfrika op te tree ten spyte van sy haataanblasing teen die Republiek teen apartheid, hoef niemand te verbaas nie. Dit is maar net tipies van die beginselloosheid waarmee die stryd teen Suid-Afrika in die buiteland gevoer word.

Indien dit vir hierdie boikotsaampraters om beginsels gegaan het, kon daar vir hulle net een besluit gewees het. Maar toe die „beginsels" teen die harde kontant geweeg is wat Suid-Afrika se geskeide gehore hulle in die sak kan bring, was daar nie genoeg oortuiging om die „hoë morele beginsels" uit te leef waarop die boikotters hulle beroem nie. — Hoofartikel — Die Vaderland.

Demonstrasiegroep Vir Volkspele Gekies

Volkspele op die Puk gaan van krag tot krag het die voorsitter van die Volkspelevereniging, mnr. Nico van der Merwe, in 'n onderhoud gesê.

Die belangstelling vir dié kunsvorm is vanjaar besonder hoog en die oefenaande word goed bygewoon. 'n Demonstrasiegroep van 20 lede is onlangs gekies. Uit die groep sal ongeveer tien persone gekies word om die Puk tydens die A.S.B.-kongres in Julie op Heidelberg te verteenwoordig.

Die demonstrasiegroep bestaan uit:

M A N S :

Nico van der Merwe (leier); Theo Jooste (Onder-Leier); Bennie de Klerk (Sekr.); Schutte Venter (Organ.) Jan-At Kruger (Pgm.); Dirk Wijnbeek; G. H. J. Coetzee; Ferdinand Postma; Deon Jurgens; Fanus van der Westhuizen; C. de W. Coetzee; Jaap Erasmus; Danie van Wyk; Jurie Venter; Coert van der Merwe; Pieter van der Walt; N. C. Gey van Pittius; W. P. Bosman; Jan Schutte (Add. Manslid); P. J. van der Walt; Roelie Aucamp.

D A M E S :

Tersia Geere (Leidster); Wilna le Roux (Add. Dameslid); Herma Roux; (Add. Dameslid); Elize Grundlingh; Ena Coetzee; Juliana Snyman; Nienke Heidema; Lenie de Klerk; Ita Moolman; Marthie Heidema; Centia de Kock; Hermine Kilian; Martie Labuschagne; Elma Venter; Breggie Engelbrecht; Barenda Du Plessis; Setta Jooste; Anna van der Merwe; Hester Coetzee; Lettie van Wyk; Janette Lessing

Reisouers vir toerliggame

Alabama kies koers Noordwes-Kaapland toe. Dr. en mev. B. C. Strydom vergesel hulle as reisouers.

AJAX
Boeke en Skryfbehoeftes
(Edms.) Bpk.
Tel. 6175 — Posbus 43
Kerkst. 159, Potchefstroom

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 Telefoon 5032
POTCHEFSTROOM
— Ons hou alles aan wat dames benodig: —
Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
Tot jassies en rokkies.

A.S.B. Voorsitter Antwoord Nusas

IN antwoord op Nusas se beskuldiging dat die A.S.B. „a unholy choir" met „three voices" is, het mnr. Jan Bradley, voorsitter van die plaaslike A.S.B.-tak, die volgende persverklaring uitgereik.

Dit is korrek om te sê dat die A.S.B. 'n kulturele organisasie is, maar dan moet die begrip kultuur is sy breëre sin gesien word. Die mens is 'n kultuurskeppende wese, waardeur hy sy eie heil tot sy voortbestaan uitwerk. Politiek vorm dus noodwendig 'n onafskeidbare deel van enige volkskultuur.

Dit is ook die verklaring vir artikel B sub artikel (ii) van die A.S.B. grondwet naamlik dat „Die Bond geen verbintenis het met enige politieke party of organisasie nie". Die A.S.B. kan dus steun verleen aan wie hy wil getrou aan sy Christelik-Nasionale grondslag soos beliggaam in die Afrikaanse volkstradisie.

Op grond van die A.S.B. se doel volgens die grondwet van die A.S.B., artikel D (iii) naamlik, „Die handhawing en die uitbouing van die blanke Christelike beskawing ter bestryding van die Kommunisme" steun die A.S.B. die Nasionale regering van Suid-Afrika ten volle om, onder andere, die opdrifsels wat om die volkspilare vergader, te vernietig.

ENGER SIN

Hierdie kultuur in die breëre sin moet nie verwar word met kultuur in enger sin, soos Nusas dit sien nie.

Kultuur in enger sin bestaan uit die beoefening van volksang, spele, letterkunde en aanverwante sake soos die A.S.B. dit in sy Kunsfees aanbied. Dit verskil van die Kongres waartydens daar op akademiese wyse oor aktuele volksake gekonfereer word.

Nusas heg dus 'n algehele verkeerde waarde aan die begrip „Kultuur."

RASSEHAAT

Volgens Nusas verdoem die A.S.B. rassehaat, maar beoefen laasgenoemde apartheid. In Nusas se kortsigtigheid word die onderskeid wat daar tussen rasse gemaak word as rassehaat uitgekryt. Die A.S.B. steun die apartheidsbeleid van die Regering ten volle, want dit is die enigste wyse waarop elke ras tot sy reg kan kom en suiwer kan voortbestaan.

Nusas met hulle verwronge beleidsrigting van algehele integrasie, politiek, sosiaal en biologies, poog nie net om rassehaat tussen blank en nie-blank aan te blaas nie, maar ook om die Afrikaanssowel as Engelssprekende student teen mekaar in die harnas te jaag.

BESKULDIG

Nusas beskuldig die A.S.B. daarvan dat hy steun soek vir die apartheidsbeleid by „far-right-wing racist and sometimes facist support". 'n Uiters laakbare en valse bewering. Die A.S.B. tree wel in verbinding met regsgesinde organisasies in die buiteland, maar op 'n suiwere korrespondensiebasis, wat glad nie impliseer dat hulle noodwendig alle organisasies se optredes goedkeur nie.

„Ek daag Nusas om die kongres te noem waarop sodanige beleidsverklaringe gedoen is, asook die verwysingsnommer van so 'n beleidsverklaring", het mnr. Bradley gesê.

„Graag antwoord ek mnr. Mansfield se vraag „dat dit hoog tyd" is dat daar aan Suid-Afrika gestel moet word wat die drie gesigte van die A.S.B. is:

Die A.S.B. se karakter is Christelik-Nasionaal gefundeer op die Afrikaner se Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing.

Die A.S.B. is 'n kultuurorganisasie in die breëre sin en het geen verbintenis met enige politieke party of organisasie nie.

Die A.S.B. veg vir die handhawing en die uitbouing van die blanke Christelike beskawing en die bestryding van Kommunisme.

Die A.S.B. steun die Nasionale Regering van Suid-Afrika ten volle ooreenkomstig die grondwet van die A.S.B."

Konferensie oor kosmiese strale

Dr. J. F. de Beer, van die Departement Fisika, vertrek in September na Engeland waar hy onder andere die internasionale konferensie oor kosmiese strale in London sal bywoon. Hy het 'n studiebeurs van die W.N.N.R. ontvang.

Dr. De Beer sal hierna aan die Universiteit van Durhan verbonde wees waar hy in samewerking met dr. Wolfendale navorsing sal doen in verband met kosmiese strale. Hy is van voorneme om in Julie aanstaande jaar na Suid-Afrika terug te keer.

INTERUNIVERSITÊR

Afrikaanse studente en instellings het die afgelope tyd weer kwaai deurgeloop in die Engelse studentepers. Dit was veral die massa-optog in Pretoria, die verspreiding van sogenaamde NUSAS publikasies op Wits en die hewige aanval op die A.S.B. wat groot prominensie geniet het.

MASSA-OPTOG

Die optog van, Afrikaanse studente op 8 April in Pretoria word deur SANSPA in 'n agtergrondartikel beskryf as 'n openlike uiting van die jong blanke Nasionaliste se algemene afkeur in: rasse-integrasie in enige vorm, Britse en Amerikaanse ambassadeurs, NUSAS, gemengde partytjies, die Engelstalige pers, die Roomse Katolieke Kerk en ook Kommunisme.

Die agtergrondartikel word afgesluit met 'n verwysing na een van die plakate tydens die optog waarop die woorde „Waar is Fischer?" verskyn. Volgens die skrywer skuil Fischer vermoedelik êrens in Suid-Afrika en is die Veiligheidspolisie nie in staat om hom op te spoor nie. „Miskien het die studente verwag die Pretoriase publiek gaan hom oorlewer," sluit hy af.

A.S.B.

Elders in Die Wapad verskyn 'n persverklaring in verband met die aanval op die A.S.B. dat dit nie 'n Kultuurorganisasie is nie maar wel 'n kwasi-politieke beweging.

Aan die anderkant sê mnr. P. Mansfield, onder-president van NUSAS, in 'n uitgawe van DOME, word NUSAS daarvan beskuldig dat hy ook op politieke terrein beweeg. Volgens hom was hierdie beweging nog nooit polities van aard nie en sal dit ook nooit wees nie Die organisasie stel nie belang in die taal, politieke party of ras van sy lede nie, al wat van belang is, is dat al sy lede studente moet wees!!

Volgens mnr. Mansfield is NUSAS se aanvalle op die regering nie-polities van aard wanneer kritiek uitgespreek word teen die Bantoeonderwyswetgewing of teen akademiese vryheid. Dit is bloot humanitêre optredes.

PAMFLETTE OP WITS

Die verspreiding van pamflette met die NUSAS-briefhoof op Wits se kampus het ook wye belangstelling ontlok.

Volgens die pamflette sou NUSAS die A.N.C. en die P.A.C. ondersteun as ook 'n anti-apartheid staking van Skandinawiese dokwerkers organiseer.

Lede van Wits se NUSAS-bestuur het gesê dat NUSAS nie vir die opstel of die verspreiding van die pamflette verantwoordelik is nie, en dat die handtekening van die plaaslike voorsitster, mej. Margaree Marshall, beslis vervals is.

SANSPA

RHODES

Mnr. Hans Abraham, Kommissaris-Generaal van die Transkei, sal die Rhodesmassa vroeg in die kwartaal oor Bantoestans toespreek. Mnr. R. Lock, voorsitter van die Vereniging vir Wêreldsake, het gesê dat die vereniging ook gaan poog om Kaiser Manttanzima en ander Transkeise politici uit te nooi om die Rhodes studente te kom toespreek. (Rhodeo).

STUDENT SE METODE OM WATER AAN TE WYS

Met behulp van 'n waterwysapparaat is mnr. F. Schutte, 'n nagraadse student in geologie, besig om aan boere 'n groot diens te lewer.

Hy maak daarop aanspraak dat hy tot tagtig persent akkuraat water kan aantoon.

Deur die elektriese weerstand van die grond te meet het hy die afgelope tyd ses boorgate laat boor waarvan slegs een droog was.

Mnr. Schutte het gesê dat harde gesteentes 'n hoë weerstand het. Poreuse gesteentes is waterhoudend en het 'n lae weerstand omdat die water 'n goeie geleier van elektrisiteit is. Sy apparaat toon duidelik aan waar die weerstand van die grond laag is en die kanse is uitstekend dat water daar gekry kan word.

Dié fietsrak is bekend

Wanneer daar 'n fiets in die sement fietsrak agter die S.R.-kantoor gestaan het, het almal geweet dit is prof. Chris Coetzee, die voormalige Rektor, s'n. Nadat hy die Puk verlaat het is dit een van die min tasbare dinge wat eie aan hom is wat die studente aan hom herinner.

Die Wapad doen 'n beroep dat niemand die rak sal verwyder nie en dat daar 'n ere-plek voor aangebring sal word wanneer daar met die uitbreiding van die studentesaalkompleks begin word

Foto: Fotokuns

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Kerkstraat 91-95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

na aksie.. satisfaksie

vol-ja smaakvol

VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA VIR RIGGIO TOBACCO CORPORATION OF NEW YORK

SANLAM
vir Beskerming

I. GLASER
— JUWELIER —
VERLOOFRINGE:
AFSLAG
vir studente!!
Kerkstraat 187 Tel. 3622

MOOIRIVIER APTEEK
Kerkstraat 205 Tel. 6341
Agente vir:
„Helena Rubenstein"
-Skoonheidsmiddels

U koop graag
VEKA
Daarom koop u by die enigste VEKA-uitrusters in die dorp . . .
Pan Coetzee
Mans- en Sportuitrusters

Paradise Restaurant
Die plek met
SNOEKERTAFELS
Tomstraat 86 Tel. 5474

Ruikers vir alle geleenthede
BOUQUET
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575
POTCHEFSTROOM

GROSVENOR
EN
GOUGH MOTORS
GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA —
CORSAIR — ZEPHYR —
ZODIAC — FAIRLANE en
GALAXIE
Asook:
Vespa
en
Lambretta
BROMPONIES

Die Wapad
WOENSDAG 5 MEI 1965

Tussen Bos En Dam

DIE bloekombos in die weste, die Oude Molen in die ooste, die Bult in die suide (soms verleng tot die midde-dorp) en die dam in die noorde.

Is dit hoe ver die lewe vir die gemiddelde Pukstudent strek?

Die afgelope aantal weke moes dit weer telkens ondervind word hoe sommige Pukstudente se belangstelling vir die „buitelewe" net met tye opflikker. Dan verflou dit weer en sak hulle terug in die veilige bestaan wat hul klein wêreldjie bied. Hier is 'n gemaklike rustige voortbestaan vir die sorgvrye student moontlik, want dit is mos sy „alleenreg."

Wie gee om wat in die bose buitewêreld aangaan? Dit raak die student nie; hy staan mos nie midde in die gevaar nie; hy hoef hom mos nie daarvoor voor te berei nie; hy gaan tog nie eendag met dieselfde probleme en gevare te doen kry nie — of raak dinge nou ologies?

Die A.S.B. nooi 'n Engelssprekende uit om 'n vergadering te kom toespreek. (Dit word goed ondersteun, want dit is mos iets nuuts). Vol ideale word die saal verlaat, net om plat te val, want slegs 'n paar weke later beskuldig Nusas die A.S.B. van drieslagtigheid, word die integriteit van die beweging in twyfel getrek, word die Engelse nuusblaaie daarvan vol geskryf, maar op die kampus is dit stil. Wat traak dit nou as Nusas so 'n lawaai opskop dat elke Afrikaanse student hierdeur geraak word?

'n Honderd studente word benodig om geld te kollekteer vir serebraal-verlamdes, honderd uit 'n studentetal van meer as tweeduisend. Wat maak dit saak as skaars twintig Pukke hulle aanmeld vir dié taak in die buitewêreld?

Word Die Wapad gelees, dan word kritiek uitgespreek omdat daar so min plaaslike nuus in verskyn. Daar moet meer geskryf word oor wie 'n lank reeds wankelende kys uiteindelik tot niet gemaak het. Dit maak nie saak wat die funksies van 'n koerant is nie — daar moet nuus verskaf word oor dié dinge wat ons intiem raak, wat ons ken, wat nie verdedig hoef te word nie.

Enige volwaardige koerant voldoen aan die eise van objektiewe nuuslewering, kommentaar en vertolking, (waar nodig), dienslewering, en vermaakverskaffing. Die interuniversitêre artikel word in baie gevalle nie gelees nie. Dit is nie nodig nie want daar word nie in die buite-wêreld oor die algemeen belang gestel nie — hoekom sal dit nou enigiemand raak wat daar op ander universiteite aangaan? Hulle kan maar skel en sê dat aksies soos Vreugdedag deur die universiteitsowerheid verbied is, beweer dat die huidige Regering se beleid herinner aan die van Kommunisme, Martin Luther King uitnooi om oor akademiese vryheid te praat en 'n verkleinerende spotprent oor die A.S.B. plaas.

Moet dié dinge dan ongemerk verbygaan? Moet die onus voortdurend op die skouers van 'n paar gegooi word om die kastaiings uit die vuur te krap?

Dit wil nie sê daar word nie soms ook op die P.U. teen dinge geagiteer nie. Liberalisme is 'n geliefkoosde onderwerp. Die een of ander Liberalis moet altyd in die Puk-geledere ontmasker word. Weet ons wat is Liberalisme, wat is Pseudo-Liberalisme — weet ons almal wat Calvinisme is? Ken die deursneestudent al die feite op die punte van sy vingers, of is hy maar tevrede om in die veilige beskerming van sy eie klein wêreldjie vasgevang te bly sit ?

'n Week of twee gelede het hier 'n groep Rhodesrugbyspelers aangeland. Onder hulle was daar bekleërs van hoë studenteposisies. Hulle het oor die algemeen nie kennis gehad van 'n Calvinistiese lewensbeskouing nie. Wel kon hulle lang stringe feite uitryg oor hulle eie lewensfilosofieë. Behalwe om te sê dat ons waaragtig glo in dit wat ons eie is, kon ons hulle in eie munt terugbetaal met wel gestaafde, konkrete feite? Weliswaar was samesprekinge met hulle tot 'n klein groepie beperk — maar was die houding van 'n groot deel nie die van: wat sal ons nou met hulle probeer argumenteer, dis tog 'n rugbytoer en buitendien kan 'n mens hulle tog nie oortuig nie?

Dié dinge klink kras, maar is die tyd nie ryp om wakker te word uit die luilekker winterslaap en tot die besef te kom dat ons almal ons moet verantwoord aan 'n vinnig veranderende wêreld nie?

Deur My Lens

OPENBARE vyand nommer een — die Weerburo oor Paasnaweek? Ook vir die Springbokke was dit 'n maand van ongelukke — nie een wedstryd gewen nie. Tog sê dr. Craven dat hy nie bang vir die All Blacks is nie. Ons Dames-hokkiespan oorsee het toe maar die vlag (met of sonder die Union Jack, mnr. Trollip?) hoog gehou. Derdeparty verstryk 30 April.

Manjefieke-Marlene het vir 'n week in Johannesburg aangekom. Motor-renjaers is nie gekke waaghalse nie, maar toegewyde perfeksioniste, beweer 'n leidende Britse sielkundige.

Met gradeplegtighede en eredoktorsgrade in die lug, sê Piet Meiring: „Om die waarheid te sê, dink ek koerantmense word oor die algemeen te laag aangeslaan. Universiteite is maar taamlik kwistig met hulle eregrade aan professionele en akademiese uitblinkers, aan politici en geldmakers, maar ek weet nie van een joernalis wat so geeër is nie!"

SPECTATOR.

In U Lig

VOLHARDING IN DIE GELOOF:

HEBREëRS 12 : 1 en 2. „Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof."

Die eerste deel van vers 1 slaan direk terug op die vorige hoofstuk waar die apostel voorbeelde van geloofshelde en hulle dade noem, byvoorbeeld „Deur die geloof is Henog weggeneem . . . " „deur die geloof het Noag die ark klaargemaak" en dan word nog gespreek oor Abraham, Sara, Isak, Jakob en nog vele ander. Hierdie geloofshelde dien vir ons tot getuienis; hulle is getuies van hoe daar volhard moet word in die geloof.

In die beeld van die wedloop word hulle voorgestel as die toeskouers; die mense wat die deelnemers aanmoedig en aanspoor. Deur middel van hulle getuienis spoor hulle ons aan en wys hulle vir ons die weg van die geloof aan, want hulle het die wedloop reeds voltooi en die beloning ontvang.

Ons is nou in dieselfde posisie as wat hulle toe was; hulle stryd is nou ons stryd; diesélfde stryd, diesélfde geloof, diesélfde baan van hulle moes loop, loop ons nou. Wat 'n aanmoediging moet dit nie vir ons wees nie?

Die laaste gedeelte van vers 1 doen 'n beroep op ons om elke las af te lê en dan spesiaal „die sonde" wat die belangrikste deel van die las is.

Net soos geen atleet aan 'n wedloop kan deelneem as hy 'n klomp goed moet saamdra nie, net so moet ons nie gepla wees met „laste" in die wedloop wat lei tot die ewige lewe nie.

Die woord vir „sonde" dui daarop dat dit in wese daarop gerig is om ons oog af te trek van die doel, naamlik Christus. En die sonde „omring" ons, is alle kante, rondom ons; ons kan nie daaraan ontsnap nie.

Om die sonde nou te oorwin, moet ons doelgerig wees; ons moet nie toelaat dat ons oog van Christus afgetrek word nie; ons moet koersgerig wees.

Die eerste gedeelte van vers 2 sê nou duidelik vir ons wie ons einddoel moet wees, naamlik Jesus Christus.

Hy is ons Leidsman in die geloof, want Hy het voor ons en vir ons die weg gebaan. Hy het ons getoon hoe ons moet glo; ons moet dus glo soos Hy geglo het.

Hy is ook die Voleinder van ons geloof; Hy lei en leer ons en gee ons die krag om te glo soos Hy geglo het.

Watter geweldige genade is dit nie alles nie? Maar watter geweldige verantwoordelikheid plaas dit nie op ons nie? Christus doen alles van Sy kant af; laat daar nie van ons gesê word dat ons laks is nie. Laat ook ons die sonde aflê en met volharding die wedloop loop, die oog gevestig op Jesus Christus, ons Leidsman en Voleinder van die geloof.

Tussen Ons Gesê

Gesindheid moet verbeter

GEAGTE REDAKTEUR,

Die brief is 'n poging om die gesindheid van die toeskouers by rugbywedstryde, waar Puk-spanne optree, te verbeter.

Ek wil as voorbeeld die wedstryd tussen die eerstespan van die Puk en die span van Rhodes gebruik. Aan die begin van die wedstryd, toe dinge redelik goed gegaan het met die Puk, was almal baie bereid om volle steun aan hulle span te verleen. Toe daar egter 'n tydperk ingetree het waarin die eerstespan nie so goed gespeel het nie, was krete soos „Oooo ! ! ! " aan die orde van die dag. Sommige het selfs later begin om die Rhodes-span aan te moedig. Teen die einde van die wedstryd toe die Pukspan werklik goed gespeel het, het die klomp „Rhodes-ondersteuners" weer teruggekeer en die Puk-span uit volle bors aangemoedig.

Hoekom is ons bereid om ons span aan te moedig as alles goed gaan en sodra hulle foute begaan dan moet hulle sonder ons ondersteuning speel? Dit is juis dan wat ons hulle moet bygestaan. Mens moet toegee dat daar soms onnodige foute deur indiwiduele spelers begaan word, maar sal ons wat op die pawiljoen sit en aanmerkings skreeu beter gevaar het?

„Kom Pukke, kom ons ruk op en ons ondersteun ons manne tot op die laaste, en as dinge begin lelik lyk en ons kêrels kry swaar, dan moedig ons hulle eers aan en skreeu hulle oor die doellyn".

Koos Klip.

Groot gevaar bedreig die Pukke

GEAGTE REDAKTEUR,

Mnr. Boy Geldenhuis, sekretaris van die A.S.B.-Hoofbestuur, het tydens die protesoptog in Pretoria op die gevaar van liberalisme in die godsdiens gewys. Hierdie kerklike liberalisme kan nie onderskei tussen ware naasteliefde en humanisme nie.

Hiermee het mnr. Geldenhuis die mees subtiele en modernste vorm van liberalisme geskets. Op die Puk-kampus is daar ook hierdie Dr. Phillips en Van der Kemp-groep, wat 'n kompromie tussen Skrifbeginsels en humanistiese idees bepleit. Gelukkig is die groepie nog klein. Tog is dit die groot gevaar wat tans die Pukgemeenskap bedreig.

Dit is die taak van die Calvinis om hierdie dinge aan die beginstadium te ontdek en uit te roei.

B. J. de Klerk.

(U bewering dat bogenoemde idees deur planne van die „owerheid" gevoed word is onduidelik. Brief in die opsig verkort.—Red.)

Ontevrede: U naam en adres ontbreek.



Die Akademiese Vryheidskomitee van die Kaapstadse Universiteit het dr. Martin Luther King voorgestel as spreker vir hulle jaarlikse byeenkoms.

PUK-NAVORSERS IN ANTARTIKA

Wat doen die Puk-fisici op die Suid-Afrikaanse navorsingskip, die R.S.A., in Antartika?

Mnre. Cobus van der Walt en Koos Maree het op hul eerste vaart na Marioneiland interessante gegewens ingesamel wat lig gewerp het op vlugresultate wat hier plaaslik verkry is in die ondersoek na hoogte-afhanklikheid van kosmiese strale. In die eksperimente is gebruik gemaak van pakkies met Geigertelbuise, sowel as neutron-telbuise en fotovermenigvuldigers.

WAARNEMINGS

Hulle het op 28 April weer met die R.S.A. van Gaugheiland na Tristan da Cunha vertrek. Ballonlanserings word gedoen en 'n neutronmonitor word deurentyd op die skip vir waarnemings gebruik. Die huidige werk staan in verband met die Internasionale Sonstiltejaar en geniet wêreldwye belangstelling.

ATMOSFEER

Vliegtuigwerk van die departement Fisika wat teen die einde van verlede jaar gedoen is sowel as die huidige werk, hang saam met die intensiteitswaarnemings van die Russe en Amerikaners d.m.v. satelliete. Suid-Afrikaanse fisici beperk hulle egter tot die atmosfeer en wel op 'n hoogte van ongeveer 100,000 voet.

Vaal is besmet sê professor

Prof. J. A. van Eeden, hoof van die Departement Dierkunde aan die P.U., het in sy verslag aan die beskermhere van die Universiteit op 23 April gesê dat tekens daarop dui dat die Vaalrivier moontlik besmet is met bilharziaslakke.

Hy sê dat die W.N.N.R. van voorneme is om, sodra fondse beskikbaar is, die bestaande navorsingseenheid van die Universiteit uit te brei sodat landswye navorsing oor die biologie van slakke gedoen kan word.

Onderhoud Werp Lig Op Werk Van SANSPA

DIE STIGTING en werksaamhede van die Engelstalige persunie, SANSPA, het die afgelope tyd heelwat belangstelling in studentekringe gaande gemaak.

Skakeling tussen ASPU en dié vereniging was tot dusver nog nie moontlik nie omdat daar nie sekerheid in Afrikaanse studenteperskringe heers oor die wese en doelstellings van SANSPA, nie.

Ten einde meer helderheid in dié verband te kry, ook wat betref die houding van Die Wapad teenoor die vereniging, het die redakteur van Die Wapad die volgende onderhoud met mnr. R. Lock, onder-president van SANSPA, tydens die besoek van die Rhodes-rugbyspan verlede week gevoer.

Die vrae aan mnr. Lock is in lig gedruk terwyl sy antwoorde in swart verskyn. Die onderhoud is hier in die vertaalde vorm weergegee.

Wat is die doelstellings van SANSPA?

SANSPA sal hom beywer vir die bevordering en beskerming van die studentepers; die bevordering van die studentepers in sy verhouding tot ander organisasies, die algemene publiek en ander studenteliggame; bydra tot die stigting en ontwikkeling van studentekoerante en- uitgawes; en as onmiddellike doel- die verskaffing van nuus en artikels aan lede en belangstellendes.

Is SANSPA met NUSAS geaffilieër?

Nee, dit is geheel en al onafhanklik.

Hoe sien u die verhouding tussen ASPU en SANSPA?

Ons sal graag wil sien dat alle studentekoerante in Suid-Afrika lede word van SANSPA, omdat SANSPA 'n nasionale organisasie is. Dit beteken nie dat ASPU nie kan bestaan nie, omdat dit kan dien om die besondere belange van die Afrikaanse studentepers op 'n ander vlak te verteenwoordig. Afrikaanse koerante kan lede van beide ASPU en SANSPA wees.

Sal nie-blanke studentekoerante as lede toegelaat word?

Ja.

Is dit SANSPA se doel om onder andere die regte van die Suid-Afrikaanse studentekoerante te bevorder en te beskerm?

Ja.

Wat sal gebeur indien daar wel Afrikaanse studentekoerante by SANSPA aansluit en daar word met twee verskillende interpretasies van 'n beginsel te doen gekry?

Dit is ooglopend dat alleen tussen-gemeenskaplike probleme bespreek sal word aangesien SANSPA nie in die huishoudelike sake van lede sal inmeng nie.

Na aanleiding van die vorige vraag: voorsien u probleme indien 'n nie-blanke byvoorbeeld SANSPA op 'n internasionale kongres sou verteenwoordig?

Ek kan natuurlik nie namens die Afrikaanse koerante praat nie ,maar ek neem aan dat die kwessie van verteenwoordiging soos deur die A.S.B. voorgeskryf en wat ek veronderstel deur hulle onderskryf word, die hele basis van samewerking skipbreuk kan laat lei. Die tyd is egter nog nie ryp om nou al aandag aan die probleem te gee nie aangesien Afrikaanse koerante nog nie lede van SANSPA is nie. Ek vertrou egter dat wanneer die waarde van praktiese samewerking as lede van SANSPA ingesien word, die lede van SANSPA (wat ek hoop, ook die Afrikaanse koerante sal insluit) 'n oplossing vir die moeilike probleem sal vind.

Dink u dat beginselverskille en praktiese probleme soos bogenoemde die Afrikaanse koerante sal verhoed om lede van SANSPA te word?

Ek besef dat sodanige probleme wel aansluiting kan bemoeilik, maar ek vertrou dat dit nie die geval sal wees nie.

● Die Wapad wag nog 'n besluit van die ASPU-hoofbestuur in die verband af maar dit kan gestel word dat skakeling op tgeniese vlak, vir sover dit nuusuitruiling, jaarlikse kompetisies en aanverwante sake betref, deur die Hoofredaksie voorgestaan sal word.

Engelssprekende voor A.S.B.

„Die afwatering van eie beginsels hou groot gevare in vir die verskillende rassegroepe in Suid-Afrika," het mnr. Blyth Thompson bekende Engelssprekende konserwatis, voor 'n vergadering van die A.S.B. op 7 April gesê.

Mnr. Thompson het gewys op die gevare wat die kommunistiese filosofie inhou. Kommunisme floreer byvoorbeeld onder die dekmantel van godsdiens, en dit skep 'n teelaarde vir sabotasie.

Wêreldmening is teen Suid-Afrika gekant a.g.v. verdraaide feite wat aan hulle voorgehou word. Dit op sigself hou 'n bedreiging vir Suid-Afrika in en daarom is dit noodsaaklik dat die pers verantwoordelikheidssin aan die dag moet lê.

Hy stel 'n kode voor waaraan die pers moet voldoen ten einde 'n objektiewe en regverdige beeld aan sy lesers te bied.

Die harde werk van die redaksie van die Pukkie is met sukses beloon toe 'n rekordgetal van 25,000 Pukkies vrygestel is. Na verneem word het die publiek die Pukke goed ondersteun, terwyl die verkopers soos ervare verkoopsmanne opgetree het om die Witsies en studente van Heidelberg die loef af te steek. Op die foto is mnr. Jan du Plessis, redakteur van die Pukkie, besig om 'n paar aspirant-verkoopsdame ste voorsien van die nodige aantal Pukkies, wat elkeen met 'n glimlag en 'n uitgestrekte hand aan gewillige slagoffers moes verkoop.

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

TRANSVALIA MEUBELS

Tel. 2157 Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"

Kultuurslapte onder die Afrikaners

Die Afrikaner verkeer tans in 'n kultuurkrisis en dit het tyd geword om hom uit sy slaap wakker te skud en meer van sy eie tradisies bewus te maak deur definitiewe kultuursorg.

Hierdie stelling is gemaak tydens die kultuurleierskursus van die A.T.K.V. wat deur die Maatskaplike Sorg studente in Pretoria bygewoon is.

REPULIEK

Daar het veral 'n verslapping ingetree in die kultuur van die Afrikaner wat in 'n skrikwekkende mate toegeneem het na Republiekwording. Die verslapping — kan veral toegeskryf word aan die ekonomiese bloei in Suid-Afrika ,en ook omdat die Afrikaner reker sy ideale is bereik en dat hy gevolglik op sy louere kan rus.

As oplossing vir hierdie probleem moet die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing teruggebring word in die huisgesin en moet elke huisgesin 'n kultuurvereniging op sy eie wees.

MAATSKAPLIKE SORG

Die besoeke aan hierdie kultuurleierskursus was deel van 'n toer van die Maatskaplike Sorg Departement deur Pretoria en Johannesburg.

Die suksesvolle toer het ook besoeke aan die Christelike Maatskaplike Raad, F.A.K. en die Abraham Kriel Kinderhuis te Langlaagte ingesluit.

BIERMANSKAP!

LION LAGER

LEEUPLESIER!

Foto: Fotokuns

PARKEERKAARTJIE VIR ASTRANTE BESOEKER

DIE HELIKOPTER wat Woensdagoggend opskudding veroorsaak het toe dit sommer so goedsmoeds op die kampus neergestryk het, het nie met die onverskrokke „verkeersbeampte" van die P.U. rekening gehou nie.

OOM PIET

Oom Piet „Plantasie" het met meedoënlose doelgerigtheid op die gevaarte uit die ruimte afgestap en 'n parkeerkaartjie op die helikopter vasgeplak. Soos te verstane is die eienaars van die „voertuig" vir 'n aardige bedraggie beboet want hulle het jouwerklikwaar, teen alle regulasies van Prof. Bossie in, dit durf waag om op die grasperk voor die biblioteek te parkeer, iets wat die Rektor nie eens beskore is nie.

STRENG PARKEERREGULASIES

Na hierdie episode sal besoekers uit die ruimte darem gelukkig ook weet van die streng parkeerregulasies op die Puk, om nie eers van die verbete „verkeerbeamptes" te praat nie.

GEKUS EN GEKEUR

„Meisie, Meisie"
waarom word jy koud?
aandster, wit ster,
die klipbanke is koud".
(Van Wyk Louw.

VAN Wyk Louw was deeglik op hoogte van sake op die Puk toe hy hierdie grootse gedagte geuiter het. Net 'n gedagte aan prof. Bossie se spykerbankies in die winter is genoeg om enige sleper die ritteltit en tittelrit te gee.

„LIG" PUNTE

Dit het hoog tyd geword dat een of ander vurige agitator sy argwaan te kenne gee oor die feit dat geen skemas nog die lig gesien het om die spykerbankies te laat aanpas by ons verligte eeu nie. So van verlig gepraat die winter het darem ook sy ligpunte vir die slepers: die donker wat nou vroeër in die aande die „lig" sien.

Om nou enigsins lig te werp op die donker wat nou vroeër die lig sien en die weersinwekkende koue sleepbankies ,en die voor- of nadele wat dit vir slepers inhou, sal ons die volgende gevalle van alle kante belig:

LEEU TRAP STOF

Hans van Zyl se motor sit die winterkoue seker in 'n groot mate skaakmat in sy nuwe (ou?) sleepdrama. Die herfstyd het blykbaar 'n kolossale weemoed in die Van Zyl-gemoed ontketen en Hans trap stof op die sementstoepe van Kulu waar Wilna Krüger die „Leeu van Phalaborwa" met oop arms ontvang.

George Simpson is besig om in 'n onversadigde sleper te ontpop en Jeanette Kruger is die oorsaak dat geen grassies, nie eers in komende somer, ooit weer in die paadjie vanuit Over de Voor se rigting sal groei nie.

BEWUS

Wie wis dat Jeanette Wissing en Chris Coetzer so knaend van mekaar bewus is?

Edith Röhrs en Arnold Myburgh is besig om mekaar se hartsake deurmekaar te roer.

Jessie Lock het vir Marius van der Westhuizen aangelok en nou is hulle twee blykbaar „gelock".

Die boere van die Landboukollege boer deesdae hier op die Puk rond. Sou Piet Bekker vir Ina van Wyk saans kom haal om hom te help grondmonsters ontleed, of wat praat ek alles?

PLEKKIE VERDEDIG

Helena Bekker het 'n sagte plekkie vir jongmans wat alles op die altaar lê om hulle land te verdedig. Klopper Oosthuizen van die „army" kan seker hiervan getuig.

„Wat is die liefde (of is dit nou die slaap?), 'n wondersoete ding". Sansonette van Schalkwyk en Edmund Schulenburg sê seker dit moet ongetwyfeld die liefde wees.

George Kepler se anti-sleepgevoel is nie uit onvermoë nie, maar uit selfbeheersing. In die filosofie dalk te ingewikkeld in die wêreld van „sleperasies"?

Sleep lekker met die winter saam, Kaaikie Kekkelbek.

SKANDMUUR BY DAWIE DUP

Die motoreienaars van Dawie Dup het nou ook die slagoffers van vreemde infiltrasie geword. Die Prof. Bossie-projek: 'n yslike draad wat voor Dawie Dup-Noord aan die stoep se kant gespan is, stel die Berlynse skandmuur in die skadu.

BLOEKOMBOME

Die arme motoreienaars kan nou nie meer hulle voertuigies in die skaduwee agter die koshuis parkeer nie en is genoodsaak om die motors onder bloekombome te parkeer wat etlike „myle" van die koshuis af staan.

BESET

'n Mens kan nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat die arme Pukke, en in dié geval in besonder die eienaars van motoraangedrewe rytuie, wreed gekasty word deurdat die strategiese motorparkeerplek in die hande van die vyand geval het en voortaan taboe sal wees vir die motormense van die „demokratiese Noorde".

NEGENTIG DAE

'n Mens wonder of dit nie nodig geword het om vertoë tot die Minister van Justisie te rig nie. Die bevorderaars van hierdie „skanddraad" verdien tenminste negentig dae of 'n verplasing na Siberië.

SAS EN S.A.L.

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë en die Suid-Afrikaanse Lugdiens bied die volgende aantreklike loopbane aan gegradueerdes:

ASSISTENT-INGENIEUR

Salarisskaal: R2,250 x 150 — R2,550 — R3,000 x 300 — R3,600 x 150 — R4,500 p.j.

Indien in besit van:	Aanvangsalaris
B.Sc. Ing.	R2,250 p.j.
B.Sc.B.Ing. of M.Sc. Ing.	R2,400 p.j.
M.Ing., Ph.D. of D.Sc.	R2,550 p.j.

SKEIKUNDIGE, METAALKUNDIGE EN NATUURKUNDIGE

Salarisskaal: R1,950 x 150 — R4,200 p.j.

Indien in besit van:	Aanvangsalaris
B.Sc.	R1,950 p.j.
Hons.-B.Sc.	R2,100 p.j.
M.Sc. of 'n hoër graad	R2,250 p.j.

ARGITEK

Salarisskaal: R1,950 x 150 — R4,200 p.j.

Indien in besit van:	Aanvangsalaris
Diploma (Argitektuur)	R1,950 p.j.
B.Arch.	R2,100 p.j.
M.Arch.	R2,250 p.j.
Ph.D. of D.Sc.	R2,400 p.j.

BESTEKOPMAKER

Salarisskaal: R1,950 x 150 — R4,200 p.j.

Indien in besit van:	Aanvangsalaris
Diploma (Bourekening)	R1,950 p.j.
B.Sc. (Bourekening)	R2,100 p.j.
M.Sc. (Bourekening)	R2,250 p.j.
Ph.D. of D.Sc.	R2,400 p.j.

KLERK, GRAAD II

Salarisskaal: R900 x 75 — R1,425 x 225 — R1,875 x 150 — R2,175 p.j.

Indien in besit van:	Aanvangsalaris
St. X-sertifikaat	R1,050 p.j.
Baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van drie jaar vereis	R1,425 p.j.
Honneursgraad (of 'n gesertifiseerde verklaring dat die teoretiese deel van die magistergraad suksesvol voltooi is) of 'n baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van vier jaar vereis	R1,650 p.j.
Magistergraad	R1,875 p.j.
Doktorsgraad	R2,025 p.j.

Nader besonderhede kan van die Hoofbestuurder, Kamer 39, Spoorweghoofkantoor, Johannesburg, verkry word.

SAL5547

JONGMENSE IN S.A. VERKIES EERDER SWEM AS RUGBY

JONG SUID-AFRIKANERS luister gemiddeld drie uur per dag na die radio. Dit is meer as wat jongmense in Engeland na die beeldradio kyk.

SWEM IS GEWILDSTE

'n Interssante feit is dat swem baie gewilder is as rugby, en dat Lourenco Marques verreweg die gewildste radiosender is. Die jong Suid-Afrikaners is oor die algemeen spandabel en reukwater is die item wat meeste deur dames gekoop word. Dit is glo 'n bewys dat hulle meer gesofistikeerd is. Van die miljoene rande wat daagliks deur jong Suid-Afrikaners verdien word, word R10,423 miljoen jaarliks aan skoonheidsmiddels, R13,726 miljoen aan lekkergoed en R16 miljoen vir vakansies bestee.

VOLG EIE KOP

Die resultaat van die ondersoek was dat jongmense hulle eie kop volg wanneer dit by die uitgee van hulle geld kom.

Enigsins bemoedigend is die feit dat meer volwasse jongmense kerk toe gaan as na die koffiekroeë toe. Die flieks kry egter nog die beste aftrek en ongeveer 242,000 jongmense besoek elke week die bioskoop. Sestig persent van die groep lees Engelse tydskrifte en vir 93 persent is die radio 'n uiters gewilde tydverdryf.

Volgens 'n berig in The Star sal 'n tweede ondersoek in verband met ander aspekte binnekort gedoen word.

Aartappelskyfie rekord geslaan

Die inwoners van Huis Marais Stellenbosch, het te hore gekom dat 'n Amerikaner verlede jaar 'n wêreldrekord opgestel het deur 46 pakkies aartappelskyfies, van een ons elk, binne 'n uur te eet.

Die rekord is onlangs deur Rossouw Feirrera van Port Elizabeth en Ronnie Feirrera van Johannesburg verbeter toe albei gelykop geëindig het met 47 pakkies elk.

Geen genade vir oortreders

„Die Potchefstroomse Verkeersdepartement hou nie daarvan om studente te beboet nie, maar indien studente aanhou om die verkeersreëls te oortree, sal geen genade betoon word nie", het mnr. Herman Venter, plaaslike verkeershoof, in 'n onderhoud gesê.

Klagtes is ontvang dat studentemotoriste snags van die Bult se strate renbane maak. Fietsryers van beide geslagte toon geen respek vir verkeersreëls nie, ry oor stopstrate en draai sonder om handtekens te gee.

Studente word deur die verkeershoof gewaarsku om nie 'n verkeerde naam en adres op te gee as hulle voorgekeer word nie. Studente verlaat die dorp nie gou nie en kan in geval van vervalsing maklik opgespoor word.

Sportgeselsie deur Rydan

AAN die sportfront begin die vlamme nou hoër brand en steeds meer lig word gewerp op die toekoms. Die rugbyseisoen is Saterdagmiddag amptelik ingelei met 'n toer na Rustenburg se tabakboere. Die uittog het duidelik bewys dat daar vanjaar nog iets groots gaan gebeur in dié sportsoort. Atlete is hard aan die oefen, Pluimbal is oorstroom met nuwe lede, en die stoeiklub het al kennis gemaak met die bure oorkant die straat en het beslis nie die slegste daarvan afgekom nie.

OORGANGSPAD

As gevolg van die beoogde uitbreidings aan ons Universiteit, staan ons as studente ook op 'n oorgangspad wat sport betref. Nuwe idees en nuwe fasiliteite word beoog; dink maar aan die Fanie du Toit-sportterein wat waarskynlik Wes en Noord-Wes van die Oude Molen opgerig sal word. Daar sal seker alle fasiliteite wees wat 'n sportman se hart kan begeer.

Wanneer ons egter die huidige toedrag van sake in oënskou neem, dan bemerk ons tot ons spyt dat daar op die oomblik tekortkominge is wat ons sport meer skade aandoen as goed. Dinge soos kleedkamers by die hokkievelde, **krieketvelde, en beter** geriewe vir die puik sokkermaar ook nie die minste nie, die span van die Puk. Die laaste P.U. Rugbyklub wat sekerlik spreiligte nie as iets nutteloos sal beskou by die huidige rugbyvelde nie.

EERS BRIEWE

Waarom moet daar altyd eers briewe geskryf word i.v.m. die gereedmaak van speelvelde? So kan daar honderd-en-een vrae deur die gedagtes van enige student flits. Ons staan vandag teen die hange van 'n hoë berg en dit is ons taak, ons as studente, om tot heelbo uit te kom en sodoende vir die wat later mag kom, iets na te laat waarop hulle kan voortbou.

Laat ons daarteen waak dat ons sport skade mag ly gedurende die maer jare. Hierdie toedrag van sake vra alles van elke sportman en elke sportvrou. Dit moet 'n ware belangstelling wees van ELKE WARE PUK. Ons moet bereid wees om 'n bietjie op te offer sowel liggaamlik as geestelik, terwille van ons Alma Mater. Meer Belangstelling en Ondersteuning van elke Puk in alle fasette van ons sportlewe word gevra en ook verwag.

UITDAGING

Ek staan nog steeds by my punt soos in die verlede en ek daag briefskrywers (vriendelik dog dringend) uit om my te antwoord op hierdie belangrike saak naamlik: DAT GEEN STUDENT wat nie aan 'n sportsoort deelneem nie, mits so 'n student medies ongeskik is, onder geen omstandighede 'n WARE PUK genoem kan word nie. Die gesonde balans tussen gees en liggaam is uiters noodsaaklik in ons huidige bedeling.

W. v. Kralingen besig om die pluim terug te slaan in oefenwedstryd.

Pluimpie vir pluimbalklub: Kruger knap kaptein

In 'n spannende wedstryd teen Landboukollege het die Pukke byna daarin geslaag om die pyp te rook. Met die telling 19 spelle teenoor 18 moes hulle ongelukkig die stryd gewonne gee.

Wat dit nie vir 'n uiters powere vertoning deur die dames, wat seer sekerlik tot beter spel in staat is nie, kon die Pukke gewen het. 'n Belangrike faktor is egter die gebrek aan ondervinding wat 'n groot rol speel by die dames pluimbal. Hierdie probleem kan slegs oorbrug word deur gereelde oefening.

LIGSTRAALTJIES

Daar was egter 'n paar ligstraaltjies onder die damesspelers, waar nie nagelaat kan word om die name van Rosalie de Klerk en Tilla Kühn te neem nie.

Die mans darenteen het met puik spel vorendag gekom en byna gewen, was dit nie vir 'n paar onnodige foute nie. Indien teen die huidige tempo voortgegaan word, kan daar nog heelwat verassings in die mansafdeling verwag word.

Name wat uitgesonder kan word, is dié van die kaptein Paul Kruger wat veral met sy handrughoue puik gespeel het, asook Nico du Preez wat steeds die voorste spelers in die klub kan wees. Johan de Wet en Pierre van Ryneveld is twee uithalerspelers wat geensins oor die hoof gesien kan word nie.

Barrie Barnard wat stadig maar seker weer sy ou vorm begin kry.

Foto: Fotokuns

Studente vaar goed op S.A. atletiek

Op die afgelope S.A. atletiekkampioenskappe in Potchefstroom is daar verskeie goeie prestasies gelewer deur studente van verskeie universiteite in die land. Wilna Fraser het 'n Wes-Transvaalse rekord geslaan toe sy in die damesgewigstoot 47 voet 9½ duim behaal het. Mej. Fraser is tans verbonde aan die Goudstadse Onderwyskollege.

HOU BELOFTE

Sep Serfontein het die mans 100 tree in 'n goeie tyd van 9.8 sekondes gewen. Serfontein is van die Universiteit van Pretoria. In die 3,000 meter hindernis het G. Nardini van Wits die eerste plek behaal in 'n ytd van 9 minute 49.2 sekondes. Willie Coetzee van die Puk het tweede geeindig na Donald MacDonald in die 120 tree-hekkies in die goeie tyd van 14.5 sekondes.

Laasgenoemde atleet hou groot belofte in en daar sal nog veel groter prestasies van hom verwag kan word indien hy nog 'n paar jaar volhou.—Red.)

Puk verloor teen Sasol -- Bespiegeling

In 'n harde en taai wedstryd het die eerstespan van Sasolburg daarin geslaag om die trae eerstespan van die Puk in hulle eerste ligawedstryd van die seisoen met 11 punte teenoor vyf te verslaan ('n doel, drie en 'n strafdoel teenoor 'n doel).

Die Puk se enigte punte is aangeteken deur Monty Jacobs wat 'n drie gedruk het wat deur Eugene Kruger vervyf is.

Hoewel die voorspelers byna elke bal uit die lynstane bemeester het en ook goed gevaar het in die skrumwerk, was dit andermaal die agterspelers wat nie die mas kon opkom nie.

Sasol se agterlyn het deurgaans baie vlak gestaan en het soms byna onkant gegaan, dog is nie deur die skeidsregter kortgevat nie. Die Pukke was blykbaar so beïndruk deur die „nabygeleë" agterspelers van Sasol dat hulle haas geen bal kon raakvat nie en boonop nog ander snaakse manewales begin uithaal het. Die oortreders was veral Eugene Kruger wat gesukkel het om die bal behoorlik raak te vat en Faan van Tonder wat te veel na binne probeer breek het.

LIGSTRAAL

Die enigste ligstraaltjie in die agterlyn was Attie Badenhorst wat 'n stewige vertoning gelewer het en die Pukke telkemale uit benarde posisies gered het deur sy rotsvaste verdediging.

Dit is heel duidelik dat die span as geheel gladnie verdedig het soos hulle moet nie, en die nodige vuur en lus vir die spel skyn geheel en al te ontbreek. Party spelers dink blykbaar dat hulle as erfstukke in die Puk se eerstespan verklaar is en nou maar kan bly sit of staan soos hulle wil.

SNOEISKER

Al hoop wat nog bestaan is dat die keurders sommer baie gou die snoeiskêr sal inlê en so 'n paar antiekhede sal laat wandel. Miskien sien die span in die nabye toekoms veel beter daaruit met die jong bloed wat nou ingespan gaan word.

SPORTREDAKTEUR:

Die volgende span sal myns insiens 'n baie goeie kombinasie vorm met die oog op Intervarsity later in die jaar asook vir die huidige ligabepalings; Monty Jacobs, Attie Badenhorst, Faan van Tonder, Koos du Plooy, Danie van Wyk, Kobie van der Walt, Jannie Schutte, Vaatjie en Chris van der Merwe, Deon Malan, Gawie Yssel, Dave Tromp, Coert van der Merwe, Barrie Barnard, en William Scott.

SOKKERMANNE SPOOK HARD TEEN WESTERN REEFS

Die Pukke het Saterdag in hulle wedstryd teen Western Reefs met uiters bemoedigende spel vorendag gekom. In 'n opwindende wedstryd, het die A-span, nadat hulle rustyd 2 — 0 agter was, daarin geslaag om binne tien minute na die aanvang van die tweede helfte, twee vinnige doele aan te teken. Die meer ervare spelers van Western Reefs het egter voor die einde van die wedstryd nog twee doele behaal om die eindtelling op 4 — 2 te staan te bring.

LEKKER GESPEEL

Dit was egter Jan Bradley en sy manne in die B span wat baie lekker gespeel het. Hoewel die Pukke hier 6 — 0 verloor het, was hulle spel deurgaans van goeie gehalte.

Die aangename gees en steeds beterwordende spel van die Pukke kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die bekwame leiding wat die manne van hulle nuwe afrigter, mnr. Bakker ontvang.

Wanneer die Pukke teen Strathvaal, wat as kampioene in Wes-Transvaal bestempel word, te staan kom, behoort hul die vuurproef deeglik te kan deurstaan.

Die A-Span se doele is almal aangeteken deur Piet van Vuuren, linkervleuel, wat goeie spel gelewer het in dié posisie.

Skeie gaan klap

Die A-liga het reeds drie wedstryde gespeel, nl. teen Mooirivier, Weermag en teen Pote. Hulle het slegs die wedstryd teen Weermag verloor.

Debbie Eloff en Anna Welman speel vir die W. Tvl. span in die Uniale toernooi van 5 — 8 April.

Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 100
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

Pelikan

die pen waarop u altyd kan staatmaak

...*omdat* sy eksklusiewe „THERMIC-INK"-REËLAAR* 'n enalige inktoevoer verseker . . . *omdat* hy nooit klad, nooit lek nie, altyd skoon skryf. En die nuwe Pelikan „Cartridge"-pen het 'n bykomende voordeel — 'n reserwe-ink „Cartridge". U ink raak nooit skielik op nie . . . u hande nooit vuil nie. Daar's 'n Pelikan om u hand en u beursie te pas — van R2.75 tot R95.00. Keuse van 16 verskillende punte.

*(Deur patent beskerm)

Verkrygbaar by alle voor-aanstaande winkels. Verteenwoordiger in Suider-Afrika — F. von Rein, Posbus 491, Port Elizabeth.

PNB1659A

0--20-TOER

Jong Pukke Kwyt Hul Goed Van Taak

„WAT MET DIE Universiteit se rugby gebeur, sê letterlik alles. Rugby is 'n advertensie soos geen ander Universiteitsvertakking kan wees nie," het die Rektor, prof. H. J. J. Bingle, gesê toe hy die O/20-spelers voor hulle toer na Natal toegespreek het.

Die buitewêreld aanvaar vanselfsprekend dat die akademie op standaard is. Sport moet egter eers bewys dat hy goed is. 'n Land se sportmanne word as groter reklamewaarde vir daardie land beskou as wat sy attaché's is. In die lig sien die Universiteit ook die O/20-toerspan as ambassadeurs, het prof. Bingle gesê.

Met hulle toer deur Natal het die 0.20-spelers onteenseglik bewys dat hulle die woorde van die Rektor wel ter harte geneem het. Nie alleen het hulle die Universiteit se naam in Natal hoog gehou nie, maar het hulle ook rugby uit die boonste rakke gespeel en in die Piesangboere se land baie lof ontvang. 'n Groot faktor in die geslaagde toer was die bestuurder en afrigter van die span, mnr. Schalk Hoogenboezem, wat seker een van die beste afrigters is wat die Puk tans besit.

GROOT SUKSES

Die eerste wedstryd is teen Natal Universiteit gespeel en hier het die Pukke van die veld gestap as oorwinnaars met die telling 8-3. Dit was by verre die aanskoulikste wedstryd van die toer, want die bal is deur beide spanne lustig rondgegooi. Ongelukkig moes 'n groot gedeelte van die wedstryd onder spreiligte gespeel word wat die Pukke ietwat van stryk gebring het. Nietemin het hulle hul bes gedoen en volop bewegins van stapel gestuur.

PRAGRUGBY

Die volgende twee wedstryde het altwee op Kingspark in Durban plaasgevind, waar by tye pragrugby gespeel is. Die eerste wedstryd teen Glenwood Old Boys het die Pukke met 30 punte teenoor 5 gewen. Die Puk se agterlyn het veral hier sy krag getoon. Uitblinkers was Koos du Plooy en Lukas Fouche wat elk driekeer agter die doellyn gaan kuier het. Jannie Schutte verdien ook spesiale vermelding vir sy puik spel agter die skrum. As geheel het die span goed saamgespeel en groot toejuiging van die skare uitgelok.

In die wedstryd teen Berea Rovers het die Pukke se voorhoede pragtig saamgespeel en die agterspelers het volop geleentheid gehad om punte aan te teken. Die skare was baie in hulle noppies met die Pukke se jongspan toe hulle van die veld gestap het met 'n telling van 23 — 6 in hulle guns.

Teen Collegians was dit egter 'n saak van 'n ander kleur en moes die toerspan hard spook vir sy punte en was dit hoofsaaklik die voorspelers wat deur middel van hegte samespel en korrekte hantering telkemale onder die pale gaan kuier het.

Ubert Joubert het gedurende die wedstryd die langverwagte drie onder die pale gaan druk en het onteenseglik bewys dat hy een van die gevaarlikste vleuels op die Puk is. Die eindtelling teen die gedugte span van Collegians was 19 — 8 in die guns van die toerspan.

BESTE GETOON

In die geheel gesien, het al die spelers hulle beste vorm op die toer getoon. Daar is egter 'n paar spelers wat beslis uitgesonder moet word en feitlik nie langer uit die eerstespan van die Puk gelaat kan word nie, en hier dink 'n mens aan manne soos Koos du Plooy, Jannie Schutte, Vaatjie en Oubaas van der Merwe, Gawie Yssel en William Scott. Met die verloop van die seisoen sal die manne nog genoeg geleentheid kry om te wys waartoe hulle in staat is.

Aan mnr. Schalk Hoogenboezem en sy manne, hartlik geluk en sterkte vir die komende seisoen. — Sportred.



Puk onder twintigs in aksie op Kingspark in Durban. Dawie Venter staan nader met William Scott kort op sy hakke om die bal toe te val nadat Glenwood Old Boys misgetas het.

„VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . ."

Turkstra

TE KRY BY U KAFETERIA

ONS SPESIALISEER IN

MODERNE HAARSTYLE

DIE BULT DAMESHAARKAPPER-SALON

TOMSTRAAT 86A — TELEFOON 5136
TELEFOON 5537 — KERKSTRAAT 180

PETROLMANNE KRY KOUS OOR KOP

Met tipiese Navy- en Firesrugby het die tweede en derde spanne met Sasol afgerekn en onderskeidelik tellings van 19 — 5 en 8 — 3 behaal. Beide spanne het bewys dat hulle met die nodige leiding en afronding van die gedugste spanne in Wes-Transvaal kan word.

Daar is volop talent en die spelers speel met absolute belangstelling. Geesdrif ontbreek geensins nie. Daar is ook etlike manne wat binnekort hard gaan klop om verhoging sodra die nodige afronding in hulle spel verkry is.

Uitblinkers in die spanne gedurende die afgelope wedstryde was Martin Lombaard, Daan Morkel, Sasol Moens en Chris Aucamp.

SEP SE EINDPOGING BEKLINK DALRYMPLE

Anders as in 1964 het die Pukke vanjaar die knie gebuig voor die span van Tukkies. Beide die dames en mansspanne van Tuks het voorverlede naweek op Coetzenburg die Dalrymple-byeenkoms oorheers.

Albei spanne van Tukkies het die meeste punte in hulle onderskeie afdelings behaal.

Maklik het dit egter nie gegaan nie. Tukkies se mansspan het die beker eers in die laaste nommer van die byeenkoms verower toe die Pukke in 4 x 110-tree aflos naelskraap geklop is.

ONGELUKKIG

Die Pukke was voorwaar ongelukkig om nie die beker te verower nie. Waardevolle punte wat die verskil in uitslag sou beteken het, het verlore gegaan toe Ettiene van Loggerenberg sy voet voor die byeenkoms beseer het en Willie Coetzee in die 220 tree hekkies gegly het op 'n baie nat baan.

Pietman Botha het ietwat teleurgestel toe hy in die beslissende item naamlik die 4 x 110-tree aflos, met 'n goeie voorsprong op die laaste been, deur Sep Serfontein van Tukkies ingehaal en verbygegaan is. Hiermee het die Tukkies dan ook die beker verower met slegs een punt meer as die Pukke.

NIE GOED

In die damesafdeling het die Pukke nie te goed gevaar nie en kon slegs met Rhodes afreken. Hier het Marie van Aswegen goed vertoon en het sy dan ook die gewigstoot vir vroue ingepalm. Die finale puntetellings vir die Roger Dyan sonskild vir dames is Pretoria 56, Stellenbosch. 17, Potchefstroom 16, en Rhodes 10.

Die individuele uitslae waarin Potchefstromers plekke gekry het, is soos volg:

VROUE:

Werpskyf — R. Boshoff (Pta.), 1; L. Human (Poth., 2; M. Steyn (Potch.), 3. Afstand: 143 vt 9½ duim.

MANNE:

100 Tree — S. Serfontein (Pta.) 1; J. van der Westhuizen (Stell.), 2; T. George (Potch.), 3. Tyd: 9.8 sek.

220 Tree S. Serfontein (Pta) 1; P. Botha (Potch.), 2; T. George (Potch.), 3. Tyd: 22 sek.

220 Tree-hekkies — H. Serfontein (O.V.S.), 1; P. Botha (Potch.) 2; B. Goetsch (Pta.), 3 Tyd: 24.9 sek.

Driesprong — E. Bohmer (Uows.), 1; D. Deeker (Stell.), 2; E. van Loggerenberg (Potch.), 3. Afstand: 46vt. 6 dm.

Paalspring — F. Roos (Potch.) 1; H. Oosthuizen (Pta.), 2; J. Louw (Stell.), 3. Hoogte: 12 vt 6 dm.

Verspring— G. Swarts (Potch.) 1; E. van Loggerenberg (Potch.) 2; E. Bohmer (U.K.O.V.S.), 3. 22 vt. 6 5/8 duim.

Gewigstoot (vroue). — M. van Aswegen (Potch.) 1; G. Oosthuizen (U.K.O.V.S.), 2; R. Boshoff (Pta.), 3. 38 vt. 9½ duim.

120 Tree-hekkies — W. Coetzee (Potch.), 1; A. Erasmus (Stell.), 2; T. Claassen (oos.), 3. Tyd: 14.9 sek.

4 x 110 Tree, Aflos (Vroue). — Pretoria, 1; Potchefstroom, 2; Stellenbosch, 3. Tyd: 51 sek.

PUK KNAK RHODES SE TOERSPAN

HOEWEL die eerstespan in sy wedstryd teen Rhodes Universiteit se toerspan nie aanvanklik veel vertroue ingeboesem het nie, het hulle tog teen die einde van die wedstryd met tipiese studenterugby tevoorskyn gekom.

Verder moet ook in ag geneem word dat dit Rhodes se laaste wedstryd van die toer was en dat hulle toe reeds fiks was en hegaan altwee kante ontbreek het. Al was die rugby soms ietwat power, het die toeskouers 'n egte intervarsity-atmosfeer geskep en het die Pukke daarin geslaag om die oorwinning te behaal met 19 punte teenoor 8.

SPEKKIES DE VILLIERS

Wat die spelers aan die kant van die Pukke betref, was dit duidelik dat Monty Jacobs beslis nie op senter tuis is nie en ook Spekkies de Villiers het stadig voorgekom. Nietemin was sy stelskoppe uit die boonste rakke. Spekkies was vir tien punte verantwoordelik deur sy briljante stelskopwerk.

Eugene Kruger het veral teen die laaste helfte van die wedstryd op losskakel baie goed vertoon. Ook Klasie Havenga het op vleuel geskitter en deurgaans werk gesoek. Hy was verantwoordelik vir een van die mooiste drieë van die middag. Danie van Wyk op die linkervleuel het gesorg vir twee drieë na kragtige lopies.

Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.